# 2 Mei 2024 - Lesing 2 - Die Groot Johannes Evangelie - Boek 1

GJE - Hoofstuk 1:12

[12] Wie ookal hierdie drie eenvoudig verklaarde verse kan verstaan, sal die betekenis van vers 4 duidelik vind.

*4 In Hom was lewe, en die lewe was die Lig van die mens (adam).*

[13] Dit is duidelik dat die Eerste Oorsaak van alle bestaan, die Lig van die Ligte, die oorspronklike gedagte van alle gedagtes en idees, die prototipe as die ewige oorspronklike vorm van alle vorms, eerstens, nooit vormloos en, tweedens, nooit dood kan wees nie, aangesien dood die teenoorgestelde is van alle bestaan in watter vorm ookal. Daar was dus **`n mees volmaakte lewe** in hierdie Woord of Lig of in hierdie groot gedagte binne Elohim, basies Elohim Homself. Elohim was dus vanaf ewigheid die mees volmaakte basiese lewe **binne en buite Homself** deur en deur, en hierdie Lig of lewe het **uit Homself alle geskape wesens geskep**, en hierdie Lig of lewe was die lig en ook die lewe binne die skepsels, binne die menslike wesens wat uit Hom uitgegaan het. Dus was hierdie skepsele en mense `n perfekte beeld van die Oorspronklike Lig wat hulle hul bestaan gegee het, lig, en `n lewe baie soort-gelyk aan die ewige oorspronklike bestaan.

[14] Die oorspronklike lewe in Elohim is en moet `n **volkome vrye lewe wees**, anders sal dit so goed soos geen lewe wees nie. Hierdie selfde lewe moet een en dieselfde lewe in die geskape wesens wees, andersins sal dit geen lewe wees nie en, dus, **sonder lewe sou ook wees sonder bestaan**. Dit is duidelik dat die geskape wesens—mense—slegs `n volkome vrye lewe gegee word, en hulle moet besef dat dit `n volkome lewe is, maar moet ook besef dat dit nie `n lewe is wat vanuit homself voortgekom het nie, maar voortgekom het as volkome gelyk vanuit Elohim **volgens Sy ewige Almagtige Wil.**

[15] Hierdie besef moet aanwesig wees in alle geskape wesens, net soos die een dat hulle lewe en bestaan **volkome gelyk moet wees aan die van Elohim,** anders sal hulle geen lewe of bestaan hê nie.

[16] Wanneer ons nou hierdie omstandighede van naderby beskou, word dit duidelik dat die twee gevoelens in die geskape wesens moet ontmoet, naamlik, in die eerste plek,:

1. die gevoel van **gelykvormigheid** met Elohim of die teenwoordigheid van die Oorspronklike Lig van Elohim binne hulle,
2. en dan voortspruitend uit hierdie Lig binne hulle, ook die gevoel dat hulle op `n tyd **geskep was deur die oorspronklike Wil van die Skepper**.

[17] Die eerste gevoel maak die geskape wese verseker gelykvormig aan die Skepper en, asof hy in bestaan gekom het vanuit homself, heeltemal onafhanklik van die ewige Eerste Oorsaak asof hy `n ooreenkoms getref het binne homself. Die tweede deurslaggewende besef, noodwendig voortspruitend vanaf die eerste, moet hy homself nog steeds beskou en besef as voortgebring vanuit die eintlike Eerste Oorsaak, en slegs met die loop van tyd `n vrye gemanifesteerde wese, **en daarom totaal afhanklik van die Eerste Oorsaak**.

[18] Nou sal hierdie nederige besef die aanvanklike gevoel van verhewendheid ook verander in `n **gevoel van nederigheid**, waar die gevoel van verhewendheid `n baie nodige en onvermydelike saak is soos lateraan duidelik aangetoon sal word.

[19] Die gevoel van verhewendheid bied sterk weerstand teen hierdie nederigheid en wil die ander gevoel vernietig.

[20] So `n konflik veroorsaak woede en uiteindelik **haat teen die Eerste Oorsaak** van alles wat bestaan en voortspruitend daaruit ook teen die beskeie gevoel van nederigheid en afhanklikheid, waarop die gevoel van verhewendheid swak word en verblind word en die Oorspronklike Lig binne die geskape wese maak weg vir nag en duisternis. Hierdie nag en hierdie duisternis **kan dan kwalik die Oorspronklike Lig in homself herken** en, blind maar nog steeds onafhanklik, distansieer hy homself vanaf die Eerste Oorsaak van sy bestaan en skepping, onbekwaam om Hom te herken in sy misleiding.

*5 En die Lig skyn in die Duisternis, en die Duisternis het Hom nie oorweldig nie.*

[21] Daarom, hierdie Oorspronklike Lig mag skyn in so `n nag so helder as wat dit kan, maar omdat die nag, alhoewel dit ook ontstaan het van die Lig, nie meer in staat is om behoorlik te sien nie, **herken dit nie die Lig wat in so `n nag inkom** sodat dit weer kan verander na die ware Oorspronklike Lig nie.

[22] Daarom, ook Ek, as die ewige oorspronklike wese van alle bestaan en as die Oorspronklike Lig van alle ligte en lewe, het **in hierdie wêreld van duisternis ingekom na die wat van My voortgekom het**, maar hulle het My nie herken in die nag van hulle **verswakte gevoel van verhewendheid nie.**

[23] Want hierdie vyfde vers maak dit duidelik hoe, in ooreenstemming met die oorspronklike standaarde en omstandighede, Ek in die wêreld ingekom het wat deur My en vanuit My geskape is **as Hy, wat Ek Is vanaf ewigheid af**, en die wêreld versuim om My te herken as haar eie basis van bestaan.

[24] Maar Ek, as die Eerste Oorsaak van alle bestaan, het nie in gebreke gebly om in My ewige Oorspronk-

like Lig te voorsien hoedat deur die voortdurende konflik die gevoel van verhewendheid, as die Oorspronklike Lig binne die mens, heeltyd al hoe swakker sou raak en daarom die onmisbare lig ook flouer, **om dan finaal te eindig in duisternis**, en daarom sal die mens, as Ek na hom toe kom in die beeld waarop hulle van My voortgekom het, My nie herken nie. Op sy minste sal baie faal om My te herken, veral as ek na hulle toe sou kom as `n Deus ex machina (`n skielik-verskynende El) onverwags en sonder waarskuwing in `n beperkte menslike vorm, in die geval waar Ek Myself sal moet blameer dat die mens My onmoontlik nie kon herken nie, want hulle sou nie voorberei gewees het vir My koms op hierdie manier nie.

[25] Ek het dit egter van ewigheid af besef, en daarom het hierdie koms van My, alreeds begin met die eerste bestaan van die mens, onafhanklik van My, tot by die tyd van My werklike koms, geprofeteer aan die mens deur baie profete wat nie My Lig verloor het in hierdie konflik nie. Hulle het getrou die omstandighede en **selfs die plek en tyd van My koms beskryf**. Ten tye van My werklike koms, het Ek groot tekens laat plaasvind en het `n man opgewek, **waarin `n hoogs oorspronklike Gees ingewoon het,** sodat hy aan alle blinde mense My koms en volle teenwoordigheid op aarde kon aankondig.